# HOOFSTUK 5

# DIE BEDRYF VAN DIE SKEMA EN DIE PROBLEME DAAROMHEEN

## 5.1 LISENSIES EN BELASTING

'n Saak waarmee Nellmapius dwarsdeur die tydperk wat hy gepoog het om sy vervoermaatskappy te laat werk met die regering van die ZAR oorhoops gelê het, was oor lisensies en belasting op ingevoerde goedere. Die botsings het gehandel oor die betaling van lisensies op sy stasies en hoofkwartier in Pelgrimsrus en die betaling van belasting op die goedere wat sy maatskappy vanaf Lourenco Marques na die ZAR vervoer het. In die ZAR was transportryers wetlik verplig om lisensies uit te neem om hulle nering te bedryf.

Volgens die kontrak wat Nellmapius met die Portugese gesluit het, was die vervoerskema vrygestel van invoerbelasting, maar in die kontrak met die ZAR is daar geen melding van lisensies en die vrystelling van invoerbelasting gemaak nie. In Augustus 1875 het Nellmapius die hoop uitgespreek dat die regering sy maatskappy algehele vrystelling van lisensie- en belastinggeld sou toestaan. Nellmapius het die probleem wat hy met arbeid en siekte onder mens en dier en die klimaat gehad het, aangevoer as redes vir sy versoek aan die regering vir vrystelling. Hy dui ook aan dat die roete wat hy oopgestel het tot voordeel van die land was. Hy het in daardie stadium reeds immigrante na die ZAR vervoer. Indien die regering van hulle sou verwag om dieselfde persentasie belasting op invoere soos via Natal te betaal, sou hulle dit alleen kon doen indien alle transportryers wat goedere tussen Lourenco Marques en Pelgrimsrus vervoer, die nodige belasting sou betaal. Hy was van mening dat daar op 75% van alle invoere vanaf Lourenco Marques geen belasting betaal word nie en dat dit vir die amptenare onmoontlik was om hierdie, soos hy dit noem, smokkelary te voorkom. Dit was nie die bedoeling van die maatskappy om by smokkelhandel betrokke te raak en op so 'n wyse die regering te benadeel nie. Die boeke van die maatskappy sou te eniger tyd vir die regering ter insae wees. Nellmapius het die oortuiging uitgespreek dat die staat tot wie se voordeel die vervoerdiens

ook bygedra het, die maatskappy nie sou benadeel ten gunste van ander groepe nie; hy het buitendien ook genoeg vertroue in die regering gehad om te glo dat wel 'n manier gevind sou word om belasting-ontduikers vas te trek.[1]

Landdros W. A. Cooper van Lydenburg het Nellmapius in hierdie versoek sterk gesteun en het 'n skrywe in die verband aan die regering gerig en aangevoer dat aangesien die regering 'n konsessie, soos hy dit stel, aan Nellmapius toegestaan het om die handelsbande tussen Portugal en die ZAR te verbeter en Nellmapius volgens kontrak genoodsaak was om akkommodasie en magasyne op die pad te verskaf vir passasiers, sowel as invoer- en uitvoergoedere, asook om goedere uit sy pakhuise en winkels te verkoop, die regering vir Nellmapius van alle lisensiegeld behoort vry te stel.[2]

Albei hierdie versoeke is op dieselfde dag gerig, wat waarskynlik beteken dat Nellmapius eers met Cooper moes gesels het en hy van laasgenoemde se posisie gebruik wou maak om sy saak te sterk. Cooper het reeds by twee geleenthede as regeringsverteenwoordiger vir Nellmapius na Mosambiek en Swaziland vergesel. In Mosambiek het hy hawens gaan ondersoek en in Swaziland het Nellmapius draers vir sy skema gaan werf.

By hulle terugkeer uit Swaziland, het die regering Cooper versoek om McDonald as goudkommissaris te ontslaan en aan te bly as waarnemende goudkommissaris. Hy het egter kort na sy aanstelling sy ontslag gevra en hy is eervol ontslaan. Hy is opgevolg deur John Scoble as goudkommissaris en vrederegter op die goudvelde.[3] Cooper is hierna na Lydenburg waar hy as prokureur praktiseer het.[4] Later sou hy lid van die Volksraad word. Cooper was dus 'n gesiene persoon in die oë van die regering en daarom het Nellmapius hom waarskynlik by sy sake betrek.

---

1 Nasionale Argief Bewaarplek (NAB), Pretoria, Staatsekretaris (SS), vol. 192, R1714/1875: brief, Nellmapius/Wnd. Staatspresident ZAR, 17 Aug. 1875.

2 NAB, Pretoria, SS, vol. 192, R1714/1875: brief, Cooper/Wnd. Staatspresident ZAR, 17 Aug. 1875.

3 *Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, nr. 604, 17 Nov. 1875.

4 *The Transvaal Argus and Potchefstroom Commercial Gazette*, 10 Des. 1875.

Staatsekretaris Swart, het na die ontvangs van die twee briewe vir Nellmapius laat weet dat die saak oor die lisensies aan die Volksraad voorgelê sou word.[5] Die staatsekretaris het die saak oor die belasting op goedere en die uitneem van lisensies na die voorsitter van die Volksraad gestuur.[6] Dit is egter eers in Junie 1876 in die Volksraad bespreek.[7]

Waarnemende staatspresident Piet Joubert, het die goudvelde teen die begin van November 1875 besoek en by Nellmapius tuisgegaan en is daar deur laasgenoemde onthaal.[8] Nellmapius en generaal Joubert het onder andere oor die sake van die Lourenco Marques and *South African Republic Transport Service* gesels. Nellmapius het aan hom die probleme wat hy ondervind verduidelik veral betreffende die probleem van lisensies en invoerbelasting van dié maatskappy. Generaal Joubert het by Nellmapius aanbeveel dat laasgenoemde die sake en motivering daarvan op skrif moes stel en aanstuur na Pretoria.[9]

Nellmapius het die raad opgevolg. Hy het die regering bedank vir die konsessies wat aan hom verleen is, maar ook versoek dat die regering die vervoerdiens verder moes ondersteun, aangesien die voordeel wat die maatskappy vir die land inhou, alreeds vrugte begin afwerp het. Hy het aangevoer dat een van die grootste en mooiste dele van die land as gevolg van die skema oopgestel word, gepaardgaande met groot lewensverlies. Die gereelde kommunikasie het die roete veiliger gemaak en selfs die siektes en die tsetsevlieg daardeur laat verminder. In ooreenstemming met die voorwaardes van die kontrak is langs die roete gerieflike stasiehuise opgerig. Hierdie huise het akkommodasie gehad vir elke reisiger en jagter wat deur dié gebied gaan soortgelyk aan die van Europa. Selfs vir persone wat dit nie kon bekostig nie, verskaf hy gratis losies. Hy probeer om spesiale reëlings te tref om dit vir

5 NAB, Pretoria, SS, vol. 8626, R1293/1875: brief, Swart/Nellmapius, 25 Aug. 1875.
6 NAB, Pretoria, Argief van die sekretaris van die Eerste Volksraad (EVR), vol. 221, band 13, sitting 21 Okt. 1875.
7 *Bijvoegsel tot de Staats Courant der ZAR*, vol. ZAR 52, nr. 647, sitting 15 Jun 1876.
8 *The Transvaal Argus and Potchefstroom Commercial Gasette*, 19 Nov 1875.
9 NAB, Pretoria, SS, vol. 198, R2671/1875: brief, Nellmapius/P. Joubert, 22 Nov. 1875.

besoekers wat die land via hierdie roete besoek, makliker te maak, wat 'n beleid van immigrasie sou aanmoedig. Nellmapius sê sy doelstellings was nie om hierdie stasies in swak kantiene en herberge te laat verval nie. Ten einde nie verplig te word om drank aan enige persoon te verskaf nie en om enige persoon op die stasies te akkommodeer nie, sou die regering die maatskappy moes vrystel daarvan om lisensies vir hierdie stasies uit te neem. Laasgenoemde argument was heel waarskynlik om aan te toon dat die stasies op 'n vlak van gehalte opereer, maar dat die lisensiegeld die maatskappy sou dwing om die stasies se standaard te verlaag om op so 'n wyse geld te bekom om te kan oorleef.

Volgens Nellmapius kon die versoek nie as onredelik beskou word nie, omdat dit onregverdig sou wees indien ander persone die voordeel sou kry, terwyl die maatskappy die risiko's moes dra.[10] Met ander persone word waarskynlik transportryers bedoel wat nie nodig het om 'n diens langs die weg te verskaf nie. Die stasies was gewone plaashuise soos wat in enige deel van Afrika op elke transportpad gevind word.

Daar was ook talryke handelaars in dele van die land waar van die skema se stasies geleë was en op wie se goedere daar geen belasting gehef word nie. Indien die regering van sy maatskappy lisensiegeld verwag, sou dit voorkom asof die maatskappy gestraf word vir sy moeite met 'n skema wat tot voordeel van die land strek. Indien die stasies van die skema nie van lisensiegeld onthef word nie, sou die maatskappy nie daartoe in staat wees om die stasies te behou nie.

Wat die invoerbelasting betref, kon die regering hulle alleen belas indien almal belas word. In so 'n geval sou die hele grens bewaak moes word, wat honderde polisiemanne op die grens sou vereis. Diegene wat dus belasting op alle goedere wat ingevoer word betaal, kon nie kompeteer met diegene wat nie belasting betaal nie; ongeveer 80% van die handelaars het geen belasting op goedere betaal nie.

---

[10] NAB, Pretoria, SS, vol. 198, R2671/1875: brief, Nellmapius/P. Joubert, 22 Nov. 1875.

Nellmapius het ten slotte aangevoer dat die waarnemende staatspresident en Uitvoerende Raad nie kon toelaat dat soos hy dit stel, smokkelaars en oneerlike persone wat die regering bedrieg 'n voordeel bo eerlike persone kry nie.[11]

Hierdie versoek is aan die Uitvoerende Raad voorgelê, maar die Raad het besluit om Nellmapius te antwoord dat alleen die Volksraad oor die vergunning wat Nellmapius in verband met die lisensies en invoerbelasting vra, kan beslis.[12] Hierdie skrywe van Nellmapius sou saam met sy vorige versoek in Junie 1876 voor die Volksraad dien.

## 5.2 DIE HANDEL IN WAPENS EN AMMUNISIE MET DIE SWART VOLKE

Nog 'n probleem waarmee Nellmapius en sy vervoermaatskappy te kampe gehad het, was die handel van wapens en ammunisie onder die swartes. Dit het veral gebeur dat die swartes wat in die Portugese gebied woonagtig was en by Portugese handelaars in diens was, wapens en ammunisie vrylik kon bekom en dit sonder lisensies en invoerbelasting aan die swartes in die Oos-Transvaal kon verhandel. Hierdie handel in wapens en ammunisie het Sekhukhune geleentheid gegee om hom en sy volk te bewapen. 'n Moontlike oorlog in die gebied van die Oos-Transvaal sou noodwendig 'n invloed op die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* hê.

Tydens generaal Joubert se besoek aan die goudvelde in November 1875, waarna reeds verwys is, het Nellmapius dié handel in wapens en ammunisie met hom bespreek. Joubert se houding was dat al die inwoners van die republiek voortdurend moes poog om sulke onwettighede te help verhoed en het selfs gesê dat diegene wat nie hulle plig in dié verband sou doen nie, swaar beboet sou word. Hierdie handel in wapens het generaal Joubert glad nie aangestaan nie, soos wat hy ook teenoor die Portugese goewerneur laat blyk het, nadat Herbert Rhodes 'n kanon in Lourenco Marques van die skip Pelham gesmokkel het.[13]

---

[11] NAB, Pretoria, SS, vol. 198, R2671/1875: brief, Nellmapius/P. Joubert, 22 Nov 1875.

[12] NAB, Pretoria, Argief van die sekretaris van die Uitvoerende Raad van die ZAR (UR), vol. 5, 7 Jan. 1876.

[13] NAB, Pretoria, SS, vol. 8626, R1850/1875: brief, P. Joubert/A. de Castilho, 27 Okt. 1875.

Generaal Piet Joubert het ook tydens sy besoek aan die goudvelde vir W. F. Willard, wat blykbaar goed bekend was met die toestande op die grens tussen die ZAR en Mosambiek en te Pelgrimsrus woonagtig was, opdrag gegee om die kwessie van doeane te ondersoek.[14]

Milward het aanbeveel dat dit noodsaaklik was om 'n doeanekantoor te Pretoriuskop of in die onmiddellike omgewing daarvan, te open. Dit was volgens hom 'n saak waarvan die noodsaaklikheid by almal in die omgewing algemeen bekend was. Gedurende die voorafgaande 15 maande (voor 18 November 1875) was hy verskeie kere langs die roete na Lourenco Marques en terug op reis en volgens hom, sonder om te oordryf, konstateer hy dat gedurende daardie periode alleen in daardie deel van die land, seweduisend wapentuig, 'n paar ton lood en kruit en duisende kilogram ander handelsware die ZAR ingekom het sonder dat die staatskas 'n enkele muntstuk daarvoor gekry het. Gedurende Augustus 1875 het hy 'n reis na Lourenco Marques onderneem en op daardie reis alleen het hy 642 gewere getel, asook talryke pakke kruit en ander artikels wat by Pretoriuskop verby is. Daar word op groot skaal met swartes in wapens en ammunisie handel gedryf te Pelgrimsrus, MacMac en Lydenburg. Die aanvraag was baie groot en voorrade is gedurig aangevul. Dit blyk dat generaal Joubert dit ernstig oorweeg het om nadat hy met Nellmapius gesels het, alle invoerbelasting op goedere wat vanaf Delagoabaai ingevoer is, op te hef en dat hy so iets aan Milward moes gemeld het, want Milward wys vir generaal Joubert daarop dat die bestaande belasting van £1 op 454 kilogram so min was dat dit feitlik geen invloed op die prys van artikels op die goudvelde gehad het nie. Die handelaars en spekulante het wel by die delwers die indruk probeer skep dat die prys van die artikels so hoog was omdat die regering die artikels so swaar belas. Wanneer daar egter na die belastingheffing gekyk word, bestaan daar hoegenaamd geen rede vir so 'n bewering nie. Hy beveel daarom aan dat die bestaande heffing op goedere vanaf Delagoabaai so moes bly.[15]

---

[14] NAB, Pretoria, SS, vol. 198, R2670/1875: brief, Milward/Wnd. Staatspresident ZAR, 18 Nov. 1875.

[15] NAB, Pretoria, SS, vol. 198, R2670/1875: brief, Milward/Wnd. Staatspresident ZAR, 18 Nov. 1875.

Alhoewel daar geen bewys gekry kon word dat Nellmapius nie deel gehad het in die handel in wapens en ammunisie nie, kan aanvaar word dat wat Milward beweer het in verband met die handel in dié kommoditeit, wel waar was. 'n Bewys hiervan is dat James Birch, wat die stasiemeester by Krokodilrivier was, onder eed verklaar het dat hy wel handel gedryf het, deur 'n geweer aan 'n swarte te verkoop.[16]

W. Barter, die "sheriff" op die goudvelde, het by generaal Joubert aanbeveel dat daar 'n belastingbeampte te Pretoriuskop geplaas moes word. Barter het beweer dat die firma Percy Hope, Swain en Kie., wat takke oor die hele gebied van die goudvelde gehad het, met wapens en ammunisie smokkel. Volgens hom is daar by die stasies van die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* groot handel gedryf in wapens en ammunisie met die swartes. Tot in daardie stadium het Nellmapius geen lisensies vir sy stasies uitgeneem en geen belasting op goedere wat ingevoer word, betaal nie. Barter het aanbeveel dat lisensies aan dié stasies uitgereik moes word en dat belasting op alle goedere wat by die stasies ontvang en verkoop word, betaal moes word. Daar moes ook boekgehou word van alle goedere wat na en van Delagoabaai gaan en kom; die belastingkantoor moes hierdie boeke ook kon inspekteer. 'n Belastingbeampte moes twee personeellede in sy diens hê. Volgens hom het hy bevind dat die Portugese 'n beleid van vryhandel in wapens en ammunisie met al die swart stamme voer.[17] Dit is belangrik om hier daarop te let dat Barter nie vir Nellmapius en sy maatskappy beskuldig van handel in wapens en ammunisie nie, maar wel dat dit by die stasies van die maatskappy plaasvind en dat die firma Percy Hope, Swain en Kie. direk daarby betrokke is.

Nadat generaal Joubert en Nellmapius in November 1875 gesprek gevoer het oor die handel in wapens en ammunisie op die grens, het Nellmapius sy stasiemeesters oor generaal Joubert se siening ingelig. Hierna het dit by een of twee geleenthede gebeur dat die stasiemeesters gewere en ammunisie van die

[16] *Transvaalsche Governements Courant,* nr. 3, 28 Apr. 1877.
[17] NAB, Pretoria, SS, vol. 203, R337/1875: brief, W. Barter/Wnd. Staatspresident ZAR, 20 Des. 1875.

Portugese swartes afgeneem het wat dit aan die swartes in die Transvaalse gebied wou verkoop. Van hierdie swartes in die Portugese gebied was in diens van Portugese handelaars en het by hulle werkgewers gaan kla oor die optrede van die stasiemeesters. Die Portugese handelaars het weer op hulle beurt by die goewerneur van Mosambiek beswaar gaan maak oor dié optrede. Die goewerneur van Mosambiek het vir Rapoza, die bestuurder van die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* in Lourenco Marques in kennis gestel dat dit al 'n jarelange gebruik was dat die handelaars in Lourenco Marques swartes gebruik om handel in die binneland sonder die gebruik van lisensies, te bedryf. Hulle was nie bewus daarvan dat die ZAR daarteen beswaar gehad het nie. Geen besware is in Lourenco Marques bekend gemaak nie en ook geen beheerbeampte was op die grens gestasioneer om invoerbelasting te hef nie. Die stasiemeesters het dus die wapens en ammunisie afgeneem omdat die handelaars nie handelslisensies gehad het nie en nie omdat handel in wapens gedryf is nie. Die goewerneur het dit verder aan Rapoza gestel dat hy geen inmenging in die handel van Lourenco Marques sou duld nie en daarom wou Nellmapius van generaal Joubert weet wat sy instruksies aan hom, Nellmapius, in dié verband was. Hy het ook 'n afskrif van die betrokke wet gevra sodat hy ook die wetgewing aan die Portugese goewerneur kon stuur.[18]

Die probleme met die handelslisensies of die gebrek daaraan, het veroorsaak dat die goewerneur van Mosambiek vir Nellmapius in sy offisiële hoedanigheid as vise-konsul genader het en hom versoek het om 'n beheerbeampte op die grens tussen Mosambiek en Transvaal te plaas. Die doel van hierdie beheerbeampte was "of certifying all goods passing from our Colony into the South African Republic".[19] Die staatsekretaris wou van Nellmapius weet wat hy bedoel met "certifying all goods passing from our Colony".[20] Sodra die regering daaroor duidelikheid het, sou 'n definitiewe antwoord verstrek word.

---

[18] NAB, Pretoria, SS, vol. 203, R153/1876: brief, Nellmapius/P. Joubert, 16 Jan. 1876.
[19] NAB, Pretoria, SS, vol. 199, R2947/1875: brief Nellmapius/P. Joubert, 20 Des. 1875.
[20] NAB, Pretoria, SS, vol. 8627, R89/1876: brief, Swart/Nellmapius, 12 Jan. 1876.

Die gedagte was dat hierdie persoon deur Nellmapius in sy hoedanigheid as vise-konsul aangestel sou word, maar dat die president van die ZAR die aanstelling sou moes goedkeur. Die aangestelde persoon sou egter volkome onder beheer van Nellmapius as vise-konsul alleen staan en laasgenoemde sou in die amptelike hoedanigheid verantwoordelikheid neem vir die beheerbeampte se optrede. Om hierdie rede sou alle dokumente en rapporte wat deur die beampte opgestel en hanteer word, deur Nellmapius medeonderteken word. Nellmapius het vir W. Boly van die stasie Castilhopolis aanbeveel vir hierdie pos en gewag op goedkeuring van die ZAR.[21]

Aangesien die pligte van die beheerbeampte nie vir die ZAR-regering duidelik was nie, het Nellmapius verduidelik dat die persoon die Portugese regering sou verteenwoordig en dat hy 'n register sou hou van die goedere wat vanaf Lourenco Marques na die ZAR gaan. Hierdie gegewens sou periodiek deur Nellmapius as vise-konsul nagegaan word en na die goewerneur van Mosambiek aangestuur word. Die gedagte was om vas te stel of goedere waarop minder belasting gehef word met die oog op uitvoer, wel uitgevoer word en nie in Portugese gebied agterbly nie. Die gegewens sou slegs ten opsigte van die Portugese gebied van belang wees. Aangesien die beampte 'n Transvaalse onderdaan sou wees, op Transvaalse grondgebied gestasioneer sou wees en die goedere deur Transvaal ingevoer sou word, wou die Portugese goewerneur hê dat die Transvaalse regering die persoon moes ken en nie twyfel oor sy integriteit nie. William Boly wat deur Nellmapius vir die pos aanbeveel is, het egter koors opgedoen en sou nie meer in staat wees om die pos te vul nie en daarom het Nellmapius vir James Birch, stasiemeester van Ludwigslust, vervolgens vir die pos aanbeveel.[22]

Die Uitvoerende Raad het die aanstelling van so 'n beheerbeampte goedgekeur en die staatsekretaris het Nellmapius in kennis gestel dat hy maar kan voortgaan en so 'n persoon aanstel. Die keuse van 'n betroubare persoon is aan Nellmapius se goeie oordeelsvermoë oorgelaat.[23]

---

21 NAB, Pretoria, SS, vol. 199, R2947/1875: brief, Nellmapius/P. Joubert, 20 Des. 1875.

22 NAB, Pretoria, SS, vol. 203, R154/1876: brief, Nellmapius/Wnd. Staatspresident ZAR, 17 Jan. 1876.

23 NAB, Pretoria, SS, vol. 8627, R215/1876: brief, Swart/Nellmapius, 26 Jan. 1876.

Die feit dat Nellmapius opdrag aan sy stasiemeesters gegee het om die wapens en ammunisie van die swartes wat vir die Portugese handelaars gewerk het te konfiskeer, het vir hom die onmin van die handelaars van Lourenco Marques, die Portugese goewerneur en die swartes van die Oos-Transvaal op die hals gehaal.[24]

Nellmapius het dus geveg om vrygestel te word van die uitneem van lisensies om handel by die stasies van sy vervoermaatskappy te dryf, asook om nie belasting op goedere wat hy invoer, te betaal nie. Aangesien ander handelaars en transportryers ook nie belasting betaal het nie, was dit niks minder as reg dat hy vrystelling daarvan moes kry nie. Die koste om hierdie stasies op te rig was hoog en om die roete oop te hou, het baie geverg. Heel waarskynlik het Nellmapius ook besef dat die swartes in Oos-Transvaal besig was om hulle self te bewapen, wat die roete onveilig kon maak.

Die Uitvoerende Raad van die ZAR het na die inligting en aanbevelings van Milward ontvang is, besluit om 'n doeanekantoor te Pretoriuskop op te rig. Dié Raad het verder besluit om Milward, as gevolg van sy kennis van die omgewing van Oos-Transvaal en Lourenco Marques as doeanebeampte aan te stel. Milward sou die invoerregte invorder teen 'n beloning van 25% van die belasting wat gehef word. Hierdie belasting sou hy maandeliks by die landdros van Lydenburg inbetaal.[25] Milward het egter na hy sy inligting en aanbevelings aan die Uitvoerende Bestuur voorgelê het, die Oos-Transvaal teen die einde van 1875, begin 1876 verlaat, want toe Scoble hom in Februarie 1876 as doeanebeampte moes aanstel, het hy reeds die gebied verlaat.[26] Nellmapius se samesprekings met generaal Joubert, saam met ander aanbevelings uit daardie gebied het dus daartoe gelei dat daar 'n poging aangewend is om behoorlike beheer op die grens tussen die ZAR en Mosambiek teweeg te bring. Tog het die motiverings van Barter en Milward daartoe bygedra dat Nellmapius se vervoerskema nie vrystelling van lisensies en invoerbelasting gekry het nie.

---

24 NAB, Pretoria, SS, vol. 203, R153/1876: brief, Nellmapius/P. Joubert, 16 Jan. 1876.
25 NAB, Pretoria, UR, vol. 5, 7 Jan. 1876.
26 NAB, Pretoria, SS, vol. 204, R268/1876: brief, Scoble/Staatsekretaris, 7 Feb. 1876.

Hierdie kwessie van die lisensies en invoerbelasting was nog nie opgelos nie en heelwat argumente tussen Nellmapius en die ZAR sou nog in die verband voorkom.

In die vorige hoofstuk is daarop gewys dat die vervoerskema reeds in Augustus 1875 in werking was. Nellmapius het hom nie verlaat op die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* as enigste bron van inkomste nie. Kenmerkend van sy persoon is dat hy altyd te veel hooi op sy vurk gehad het. Dit het voorgekom asof hy te innoverend was om hom slegs met een saak op 'n keer besig te hou.

Die jaar 1876 het maar donker vir hom begin. Eers het die perd wat hy vanaf Lourenco Marques gebruik het gevrek en toe het 'n rotsstorting by een van sy kleims tot gevolg gehad dat een van sy swart werkers se been geamputeer moes word. Daar het 'n skaarste aan werksvolk - hulle het hulle begin voorberei vir oorlog - ontstaan. Dit het 'n groot effek op sy ondernemings gehad. Hy was in daardie stadium nog aktief by die delwerye betrokke. Dit was baie droog en feitlik geen reën het in daardie seisoen geval nie. Die delf van goud was afhanklik van water en die droogte het feitlik alle delwersaktiwiteite tot stilstand laat kom. Dit het darem die voordeel ingehou dat daar nou meer tyd vir prospektering beskikbaar was. Dit het gelei tot die ontdekking van ryk koperkwarts-, lood- en silwerneerslae.[27] Om die droogte te probeer omseil, het Nellmapius ses sluiskaste en vier tente na sy kleims by Spitskop gestuur om sy onderneming daar vinniger aan die gang te kry. Hy het ook nog kleims bygekoop, soos die een van 'n sekere Cunningham, vir £230. Hierdie kleim was baie ryk, maar kon net in die reënseisoen bewerk word as gevolg van 'n gebrek aan water.[28] Ten spyte van al sy bedrywighede, het Nellmapius sy verpligtinge as vrederegter op die goudvelde ook nog nagekom.[29]

---

27 *The Transvaal Advocate and Commercial Advertiser*, 7 Feb. 1876.
28 *The Transvaal Argus and Potchefstroom Commercial Gazette*, 17 Mrt. 1876.
29 NAB, Pretoria, SS, vol. 208, R1240/1876: hofsitting Pelgrimsrus, 22 Mei 1876.

## 5.3 DIE LOURENCO MARQUES AND SOUTH AFRICAN REPUBLIC TRANSPORT SERVICE IN WERKING

Met die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* het dit minder goed begin gaan. Dit het al moeiliker geword om werkers vir die skema in die hande te kry en die wat wel gekry is, was nie altyd betroubaar nie.

Met Nellmapius se stasiemeesters het dit nog slegter gegaan. Die koorsseisoen in die Laeveld aan die begin van 1876 was geweldig straf. Dokters Krause en Birch sowel as dokter Peacock was ernstig siek aan koors. In 'n stadium was byna al die stasiemeesters siek aan koors en die koerant *The Transvaal Advocate and Commercial Advertiser*, het die mense gewaarsku om nie die roete van die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* na Lourenco Marques te gebruik nie.[30] In hierdie krisistyd het Nellmapius vir H. Ballachey, die sekretaris van die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* na Krokodilbrug gestuur. Hier het hy tien dae na sy aankoms koors opgedoen en kort daarna gesterf.[31] G. Browness is daarna in sy plek as sekretaris aangestel.[32]

Om alles te kroon het daar ook 'n longsiekte onder die beeste van die maatskappy uitgebreek.[33] Nellmapius was as gevolg hiervan verplig om later groot getalle beeste aan te koop vir gebruik as trekdiere vir sy vervoermaatskappy.[34] Hierdie beeste wou hy in die wintermaande gebruik, wanneer dit relatief veilig vir die diere in die Laeveld was, om die swartes te vervang wat hy as draers in die somermaande gebruik het.

Dit wil voorkom of Nellmapius 'n persoon met besondere deursettingsvermoë was, want vele ander sou onder hierdie omstandighede tou opgegooi het. Dit is ook moontlik dat van die besighede in Transvaal eers wou vasstel of Nellmapius se skema die mas sou opkom voordat hulle daarvan gebruik sou maak. Hoe dit ookal sy, op 18 Februarie 1876 het Nellmapius verneem dat al sy stasiemeesters gesond was en dat daar 15 waens met goedere op pad na die goudvelde was. Hy het ook 'n vrag piesangs van Lourenco Marques laat aanry na die goudvelde. Die geboue was nog nie by al die stasies voltooi nie en by

[30] *The Transvaal Advocate and Commercial Advertiser*, 14 Feb. 1876.
[31] *The Transvaal Argus and Potchefstroom Commercial Gazette*, 4 Feb. 1876.
[32] NAB, Pretoria, SS, vol. 205, R433/1876: brief, G. Browness/Staatsekretaris, 28 Feb. 1876.
[33] *The Transvaal Advocate and Commercial Advertiser*, 7 Feb. 1876.
[34] *The Transvaal Argus and Potchefstroom Commercial Gazette*, 12 Mei 1876.

dié plekke het sy stasiemeesters in tente gewoon.[35] Afgesien van die arbeidsprobleem wat groter geword het, het Nellmapius die eerste teenslae afgeweer en kon hy weer hernieude pogings aanwend om die vervoerskema te laat slaag.

Tot in Julie 1876 het die eise van die regering om belasting en lisensiegeld van Nellmapius en sy maatskappy te in, in die vorm van 'n driehoek plaasgevind. Swart het opdragte in die verband aan Scoble gegee en hy het weer met Nellmapius onderhandel. Nellmapius het dan weer met Scoble gesprek gevoer wat dan weer met Swart gepraat het. Sover vasgestel kan word, het die staatsekretaris nie 'n rekening direk aan Nellmapius gestuur nie.

Verder blyk dit dat die swartes van die Oos-Transvaal groot hoeveelhede wapens en ammunisie versamel het. Die swartes het hoe meer en beter wapens hulle bekom het, meer aggressief geraak, veral die Pedi onder hulle kaptein, Sekhukhune, het 'n dreigende houding teenoor die blankes van Oos-Transvaal begin inneem. Die boere en delwers van die gebied het by die regering gekla oor die onveilige toestand, maar die Volksraad het nie ag daarop geslaan nie. President Burgers wat op 20 Maart 1876 van sy reis in Europa in verband met spoorwegplanne vanaf Lourenco Marques na die ZAR teruggekom het, sou juis oor die voorgenome spoorweg nie wou dat daar oorlog met die Pedi's uitbreek nie. 'n Oorlog met die Pedi's sou ook moontlik vir Brittanje geleentheid bied om in te meng in die ZAR.

Toestande in die Oos-Transvaal het so onveilig geraak dat die boere in laers saamgetrek het en die delwers in Pelgrimsrus begin het om 'n blokhuis te bou. President Burgers en die Volksraad kon nie anders as om oorlog teen die Pedi's te verklaar nie en hy vaardig die verklaring uit op 16 Mei 1876.[36]

Transvaal was totaal onvoorbereid op die oorlog. Daar was 'n gebrek aan ammunisie en daar is eers oorlog verklaar en toe is die burgers opgeroep. Die Pedi's het hulle in klein groepies verdeel en plase is in die omgewing van Lydenburg aangeval, geroof en geplunder. Dit is bekend dat hierdie oorlog teen

[35] *The Transvaal Argus and Potchefstroom Commercial Gazette*, 21 Jan. 1876; 18 Feb. 1876.

Sekhukhune byna op 'n fiasko vir die ZAR uitgeloop het. Dit het etlike maande geduur om Sekhukhune te verslaan en toe hy in Januarie 1877 om vrede vra, was dit nie soseer omdat hy militêr verslaan was nie, maar omdat sy kosvoorraad uitgeput was.[37]

Dit is te verstane dat hierdie onsekere en onveilige toestand in die Oos-Transvaal noodwendig ook op Nellmapius se vervoerskema 'n negatiewe invloed sou hê. Die transportwaens en/of draers sou maklike prooi vir groepe gewapende mense wees. Net so sou die stasies van die vervoerskema 'n maklike prooi wees. Hierdie oorlog sou veral van Nellmapius se kontant tap, omdat hy die geroofde goedere sou moes vervang en die skade aan sy stasies moes regmaak. Hiervoor het hy nie voorsiening gemaak nie.

Dit blyk dan ook dat ten spyte van die voordelige ooreenkomste wat Nellmapius van die Portugese en Transvaalse regerings verkry het en veral die voordelige vennootskappe wat hy met Rapoza aangegaan het, hy teen April 1876 kontantvloeiprobleme begin ondervind het. Sy beplanning wat die oprigting van die geboue op die plase betref, was foutief en het meer gekos as waarvoor hy voorsiening gemaak het. Trouens dit was 'n kenmerk van Nellmapius se persoonlikheid dat hy met baie innoverende transaksies na vore gekom het, maar dat hy altyd 'n kontantvloeiprobleem gehad het.

Nellmapius het met John Turton, die plaaslike bestuurder van die *Cape Commercial Bank*, gaan onderhandel en 'n verband op sy vervoerskema uitgeneem. Hierby was ingesluit al die geboue van die maatskappy se hoofkwartier te Pelgrimsrus, al die handelsware wat daarin was, asook die winkel te Lydenburg met sy handelsware, al die stasies van die maatskappy op pad na Lourenco Marques met al die handelsware daarin, die konsessies van die Portugese en Transvaalse regerings, asook belange wat die maatskappy in ander grond gehad het.[38]

---

36 S.P. Engelbrecht, *Thomas Francois Burgers*, p. 161.

37 T. S. van Rooyen, "Verhouding tussen Boere, Engelse en Naturelle in die Geskiedenis van die Oos-Transvaal tot 1882", C. Beyers et al. (reds.), *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, jg. 14, 1951, deel 1, pp. 199-245.

38 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, J. Turton/M. Osborne, 25 Mei 1879.

Hierdie verband is op 3 April 1876 uitgeneem en soos bepaal deur die vennootskap tussen Nellmapius en Rapoza dat alle onderhandelings deur twee persone van die twee direkteurs en sekretaris onderteken moes word, het die sekretaris van die maatskappy George Browness, die ooreenkoms onderteken en Robert Grieve het as getuie geteken. Dit beteken dat die maatskappy na nege maande vandat die eerste voorbereidings onderneem is, nie meer die alleeneiendom van Nellmapius en Rapoza was nie. Hierdie inligting is blykbaar nie bekend gemaak nie en Nellmapius en Rapoza het nog opgetree asof hulle die alleeneienaars van die *Lourenco Marques and South African Republic and Transport Service* was.

Volgens die register van plase van die landboudistrik Lydenburg het Nellmapius vir elkeen van die ses plase afsonderlik £3 000 gekry wat 'n bedrag van £18 000 beteken.[39] Dit blyk egter dat Nellmapius slegs £3 000 gekry het, want Swart, die staatsekretaris, noem in sy korrespondensie dat die *Cape Commercial Bank* 'n algemene verband van £3 000 op die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* hou.[40] Tydens die eerste Britse anneksasie in 1878, het Turton namens die *Cape Commercial Bank* hierdie hele eiendom van die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* en die Transvaalse en Portugese konsessies vir 'n bedrag van £6 500 aan Shepstone vir die tussentydse Britse regering te koop aangebied.[41] Indien die *Cape Commercial Bank* aan Nellmapius 'n £18 000-verband sou toegestaan het, sou dié bank nie bereid wees om so 'n groot verlies te dra nie. Aan die ander kant moes Nellmapius seker gewees het dat sy kapitale vermoë so vinnig en goed sou herstel dat hy 'n verband van £3 000 maklik sou kon aflos.

Die *Cape Commercial Bank* wat vir Nellmapius uit sy kapitale moeilikheid gehelp het, was die enigste instansie in die Oos-Transvaal wat oor die kapitaal beskik het om aan Nellmapius 'n verband toe te staan. Aan die ander kant sou Turton nie sy posisie as bankbestuurder onnodig in gevaar gestel het nie, wat beteken dat hy homself deeglik van die moontlikheid wat die maatskappy inhou, moes

[39] NAB, Pretoria, Argief Landdros Lydenburg, nr. 68: register van plase, A-P.
[40] NAB, Pretoria, SS, vol. 8630, R3306/1876: brief, Swart/Goudkommissaris, 6 Des. 1876.
[41] NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, J. Turton/T. Shepstone, 16 Des. 1878.

vergewis het. Turton wat hierdie transaksie aan sy hoofde in Kaapstad moes verduidelik, moes hulle ook van die moontlikheid van die maatskappy oortuig het.

Die regering van die ZAR het wel van Nellmapius se vervoerskema gebruik gemaak om onder andere regeringsvoorrade van Lourenco Marques na die ZAR te vervoer, asook om die pos van die genoemde hawe na die ZAR en terug, te vervoer.

Dit blyk dat die regering van die ZAR sedert 1873 lood en ander ammunisie wat hulle aangekoop het in die hawe van Lourenco Marques gehad het, maar nog nie na die ZAR vervoer het nie.

Op 15 Oktober 1874 het Rapoza, in daardie stadium sekretaris van die koloniale regering van Mosambiek, vir die regering van die ZAR laat weet dat daar nie meer bergplek vir die ammunisie van die ZAR is wat nog steeds in die hawe van Lourenco Marques lê nie. Hy berig verder dat die huurgeld met £8 per maand verhoog is en dat die hanteringskoste ook met £1-6-0 gestyg het. Hy versoek die ZAR om die geld te stuur en om die ammunisie af te haal. Rapoza beveel aan dat die ZAR die lood wat op daardie stadium volgens hom 'n goeie prys behaal, verkoop.[42]

In Desember 1875 het die staatsekretaris Nellmapius genader om die lood en ammunisie wat nog in Lourenco Marques lê, na Lydenburg te bring teen dieselfde tarief as wat dit via Natal sou wees.[43]

Nellmapius het onderneem om die 20 ton lood na die ZAR te vervoer. Die Uitvoerende Raad het besluit om dit aan Nellmapius op te dra om soveel lood teen ten minste 5d per 0.454 kg te verkoop as wat aan Rapoza verskuldig was en die res na Lydenburg te vervoer.[44] Hierdie prys was egter hoër as wat die markprys in daardie stadium was, waarop Nellmapius aanbeveel het dat die lood

---

[42] NAB, Pretoria, SS, vol. 177, R1708/1875: brief, A.C. de Paiva Rapoza/Staatsekretaris, 15 Okt. 1874.
[43] NAB, Pretoria, SS, vol. 8627, R2295/1875/1876: brief, Swart/Nellmapius, 14 Des 1875.
[44] NAB, Pretoria, UR, vol. 5, 13 Jan. 1876.

teen markprys verkoop moes word.[45] Nellmapius het intussen die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* laat goedstaan vir die bedrag van £200 wat die ZAR vir die hantering en berging van lood en ammunisie in Lourenco Marques aan Rapoza verskuldig was.[46]

## 5.4 DIE SEKHUKHUNE-OORLOG, 16 MEI 1876

Sekhukhune en sy mense in die Oos-Transvaalse bergwêreld, was in die middel sewentigs van die negentiende eeu goed gewapen. Die Engelse smokkelaars het hom met wapens en ammunisie voorsien. Daar word beweer dat dit met voorbedagte rade gedoen is om die Transvaalse goudvelde vir Brittanje in die hande te kry. Hoe meer wapens Sekhukhune gekry het, hoe aggressiewer het hy geword. Die delwers van Oos-Transvaal het 'n beroep op Brittanje gedoen om hulle te kom beskerm teen Sekhukhune. Om sy spoorwegplanne te laat werk, wou president Burgers nie graag in 'n oorlog betrokke raak nie.

Op 16 Mei 1876 het die regering egter besluit om oorlog teen Sekhukhune te verklaar. Paul Kruger en Piet Joubert het beide geweier om as kommandant-generaal te dien en oud-president M.W. Pretorius het toe die taak verrig. Die Boeremagte het verskeie nederlae gely en sommige het die oorlogsveld verlaat en huiswaarts gekeer. Die krygsraad het toe op 'n beleid van verhongering van Sekhukhune se mense besluit. Dit het die oorlog uitgerek en duur gemaak. President Burgers moes daarom 'n oorlogsbelasting instel wat hom nog meer ongewild gemaak het. Sekhukhune het in Februarie 1877 vrede gevra. Hy het hom uiteindelik aan die Transvaalse Republiek as onderdaan onderwerp, onderneem om skadevergoeding te betaal en die grense wat deur die regering vasgestel is, te eerbiedig. Hierdie oorlog was die grootste bydraende faktor wat tot die eerste anneksasie van Transvaal gelei het. Engelsgesinde koerante het aangevoer dat Transvaal te swak was om homself te regeer en die swart inwoners onbillik behandel. Die anneksasie van die land deur Brittanje is bepleit. Daardeur is lord Carnarvon, die Britse minister van kolonies, se anneksasie- en federasieplanne bevorder. Sekhukhune was egter steeds nie verslaan nie en die rooftogte in Oos-Transvaal is nie stopgesit nie.

---

45 NAB, Pretoria, SS, vol. 204, R325/1876: brief, Nellmapius/Staatsekretaris, 11 Feb. 1876.

46 NAB, Pretoria, SS, vol. 208, R1080/1876: brief, J. Scoble/Staatsekretaris, 8 Mei 1876.

Met die uitbreek van die oorlog teen Sekhukhune op 16 Mei 1876, het die ZAR in 'n al groter finansiële nood begin raak en was verplig om oral te probeer bespaar. Scoble het op 31 Mei 1876 kennis ontvang dat hy die vervoer van die regering se lood vanaf Lourenco Marques deur middel van die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* moet beëindig. Scoble kon egter nie vir Nellmapius opspoor nie, aangesien hy vir 'n tydperk van tien na twaalf maande nie in Pelgrimsrus sou wees nie. Die persoon wat in bevel van Nellmapius se sake gelaat was, kon nie aan Scoble presies sê watter hoeveelheid lood reeds in die ZAR gearriveer het nie, maar hy was van mening dat dit nie meer as een ton sou wees nie. Scoble het versoek dat die persoon onmiddellik vir Nellmapius van die besluit van die ZAR aangaande die vervoer van die lood en ammunisie, in kennis moes stel. Nellmapius is eers by sy terugkeer in Pelgrimsrus deur Scoble van die besluit in kennis gestel. Dié besluit was vir Nellmapius 'n netelige saak want hy was juis na Lourenco Marques om toe te sien dat die reëlings in verband met die vervoer van die lood en ammunisie vinnig en vlot moes verloop. Dit het beteken dat heelwat lood al op Pretoriuskop gearriveer het en heelwat op pad was. Driehonderd kanonkoeëls het reeds op Pretoriuskop gearriveer.[47] Teen September was daar reeds 1116,840 kg lood en ammunisie by die Krokodilrivierstasie en 227 kg by die Komatistasie.[48] Die lood en ammunisie het dus reeds by die stasies van die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* aangekom en begin ophoop.

## 5.5 POSVERKEER TUSSEN DIE ZAR EN LOURENCO MARQUES

Wat die vervoer van pos tussen die ZAR en Lourenco Marques betref, het staatsekretaris Swart in Januarie 1876 vir Nellmapius gevra of hy daarin sou belangstel om die pos tussen die twee gebiede deur sy maatskappy te laat vervoer en onder watter voorwaardes. Nellmapius het aanbeveel dat die posvervoer op 'n weeklikse basis moes geskied, omdat die roete met meer gereelde kommunikasie in 'n meer doeltreffende staat gehou word. Die handel wat tussen Mosambiek en die ZAR ontwikkel het, vereis 'n meer gereelde verkeer tussen die twee state. Dit sou ook binnekort onontbeerlik wees as met die beplande spoorlyn 'n aanvang geneem word. Hy was bereid om hierdie

---

[47] NAB, Pretoria, SS, vol. 212, R1925/1876: brief, Nellmapius/Staatsekretaris, 17 Jul. 1876.
[48] NAB, Pretoria, SS, vol. 215, R2359/1876: brief, Barter/Staatsekretaris, 11 Sept. 1876.

diens te onderneem teen 'n vergoeding van £50 per maand. Die stasiemeesters van die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* sou optree as posmeesters sonder enige vergoeding van die staat. Hiermee het Nellmapius heelwaarskynlik bedoel dat die pos by elke stasie sorteer sou word en dat die stasies sou dien as 'n soort poskantoor. Die maatskappy sou hierdie posdiens vir 'n tydperk van ses maande onderneem, waarna 'n nuwe kontrak opgestel moes word.[49]

Die staatsekretaris het hierdie aanbeveling van Nellmapius aan J. H. de Waal, die posmeester-generaal, gestuur om sy mening in die verband te kry.[50] De Waal was van mening dat die behoefte van 'n weeklikse diens nie bestaan nie. Die tarief wat Nellmapius vra, was na sy mening ook te hoog, veral omdat Nellmapius omtrent alleen by so 'n posdiens belang gehad het. Dit is nie duidelik wat De Waal hier bedoel het nie. Hy beveel aan dat die diens voorlopig moes bly soos dit is, naamlik een keer per maand.[51]

In Augustus 1876 het Nellmapius met president Burgers samesprekings oor die probleme en voortbestaan van die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* gevoer. Dit het heel waarskynlik gegaan oor die kapitaalvloei van die maatskappy, besigheid vir die maatskappy, asook die onveilige toestand weens die oorlog met Sekhukhune. Nellmapius het 'n beroep op die staatspresident gedoen om te help om die maatskappy in stand te hou. Volgens Nellmapius sou dit kortsigtig wees om juis nou dat die land die vrugte kon pluk van 'n diens wat in daardie stadium in 'n deeglike staat van werking is, te laat vaar. Die pad waarlangs die maatskappy opereer, met alles wat daarmee gepaardgaan en geboue en so meer is teen
'n groot koste gebou en in stand gehou.[52]

Hierdie versoek van Nellmapius het waarskynlik vir president Burgers beïnvloed, want op 4 September 1876 het president Burgers in die Volksraad verklaar dat die handel met Delagoabaai uitbrei en dit is daarom noodsaaklik om die

---

[49] NAB, Pretoria, SS, vol. 204, R324/1876: brief, Nellmapius/Staatsekretaris, 11 Feb. 1876.
[50] NAB, Pretoria, SS, vol. 8627, R339/1876: brief, Staatsekretaris/Posmeester-Generaal, 22 Feb. 1876.
[51] NAB, Pretoria, SS, vol. 204, R391/1876: brief, J.A. de Waal/Staatsekretaris, 25 Feb. 1876.
[52] NAB, Pretoria, SS, vol. 214, R2241/1876: brief, Nellmapius/Staatspresident ZAR, 28 Aug. 1876.

kommunikasie tussen die goudvelde en die hawe oop te hou. Hy het nadat hy die saak met die bestuurder van die *Lourenco Marques and South Afircan Republic Transport Service* bespreek het, besluit om aan hom 'n bedrag van £50 per maand toe te ken vir die vervoer van weeklikse pos en vir onvoorsiene koste vir gewapende begeleiding indien nodig, vir die vervoer van die pos. Die pos moes gereeld vervoer word om die weg na Delagoabaai oop te hou. Die president was van mening dat die bedrag van £50 onvoldoende vir dié diens was en hy het die hoop uitgespreek dat die Volksraad hierdie bedrag sou verdubbel.[53]

In die Volksraad is 'n warm diskussie oor die saak gevoer. Argumente is gevoer dat £50 te veel was omdat 'n enkele swart man die pos kon vervoer, dat die pos twee-weekliks vervoer moes word, dat die £50 slegs vir drie maande toegeken moes word en dat die bedrag slegs toegeken moes word vir die tydperk wat die oorlog met Sekhukhune duur. Die staatspresident het aangetoon dat die £50 nie slegs vir die vervoer van die pos is nie, maar ook vir gewapende geleide. Die voorstel van Esterhuizen en Spies dat die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* as gevolg van die oorlog met Sekhukhune 'n toelaag van £50 per maand moes kry met die verstandhouding dat hierdie maatskappy verplig sou wees om die weg na Delagoabaai oop te hou en enige regeringsgoedere teen 'n billike tarief en ter enige tyd te vervoer, is aanvaar. Die toelaag was dus vir die vervoer van pos en om die weg oop te hou met 'n gewapende geleide.[54]

Hierop wou Nellmapius dat die regering die bedrag van £50 per maand vanaf 1 Augustus 1875 tot 1 Augustus 1876, die tydperk waarin die pos wel vervoer is en die maatskappy geen betaling ontvang het nie, betaal. Na sy mening was die vervoer van pos oor 'n afstand van 280 km onder gewone omstandighede nie te hoog nie, veral gesien in die lig van oorlogsomstandig-hede wat daar geheers het.[55]

---

[53] *Bijvoegsel tot de Staats Courant der ZAR*, vol. ZAR 52, nr. 650, sitting 4 Sept. 1876.
[54] *Bijvoegsel tot de Staats Courant der ZAR*, vol. ZAR 52, nr. 652, sitting 15 Sept. 1876.
[55] NAB, Pretoria, SS, vol. 215, R2435/1876: brief, Nellmapius/Staatspresident; UR, vol. 5, 21 Sept. 1876.

In November 1876 stel J. Glenister, die posmeester van Pelgrimsrus, aan die posmeester-generaal dat Nellmapius nie sy verpligtinge nakom wat betref die vervoer van pos van die goudvelde af na Lourenco Marques en terug nie.

Glenister beweer verder dat Birch, wat in Nellmapius se afwesigheid op die goudvelde die sake van die maatskappy bestuur het, aan hom gesê het dat die swartes bang is om pos te vervoer, want hulle word langs die pad aangeval.[56]

Na aanleiding van die skrywe aan hom het Swart vir Scoble opdrag gegee om ondersoek in te stel of die weg na Delagoabaai wel oopgehou word. Scoble moes egter nie koste aangaan met die ondersoek van die saak nie[57]. Op navraag het Birch gesê dat sover sy kennis strek die pos slegs een keer nie afgelewer is nie omdat die posdraers bevrees vir hulle lewe was en terug-gekeer het na Pelgrimsrus. Birch was ook van mening dat die weg na Lourenco Marques alleen oop en veilig gehou kon word indien 'n sterk gewapende geleide patrollie permanent op die weg gehou word.[58]

Swart wou van die posmeester-generaal, J. A. de Vogel, weet of hy op grond van 'n Volks- of Uitvoerende Raadsbesluit 'n kontrak met Nellmapius vir die vervoer van pos vanaf Lourenco Marques en terug aangegaan het.[59] Hierop het De Vogel ontkennend geantwoord.[60] Hierna is die ouditeur-generaal deur Swart in opdrag van die staatspresident in kennis gestel om nie die bedrag wat aan Nellmapius toegestaan is, uit te betaal nie.[61] Die opdrag is heel waarskynlik gegee omdat die ondersoek wat die staatspresident aanbeveel het in verband met die oophou van die roete na Lourenco Marques en die posvervoer op die roete nie deur Nellmapius nagekom is nie. Die staatsekretaris het ook die posmeester-generaal in kennis gestel dat die saak afgehandel is.[62]

56 NAB, Pretoria, SS, vol. 221, R3369/1876: brief, J.A. Vogel/Staatsekretaris, 20 Nov. 1876.
57 NAB, Pretoria, SS, vol. 8630, R3204/1876: brief, Swart/Scoble, 29 Des. 1876.
58 NAB, Pretoria, SS, vol. 222, R3573/1876: brief, Scoble/Staatsekretaris, 4 Des. 1876.
59 NAB, Pretoria, SS, vol. 8630, R3573/1876: brief, Swart/Posmeester-generaal, 13 Des. 1876.
60 NAB, Pretoria, SS, vol. 222, R3606/1876: brief, Vogel/Staatsekretaris, 14 Des. 1876.
61 NAB, Pretoria, SS, vol. 8630, R41/1877: brief, Swart/Ouditeur-generaal, 4 Jan. 1877.
62 NAB, Pretoria, SS, vol. 8630, R40/1877: brief, Swart/Posmeester-generaal, 4 Jan. 1877.

## 5.6 NOGEENS LISENSIES EN BELASTING

Die saak tussen die regering en Nellmapius oor die belasting wat hy moes betaal en die lisensies wat hy moes uitneem, was nog nie afgehandel nie. In Maart 1876 wou Scoble van die regering weet op welke wyse hy die goedere wat deur die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* ingevoer word, moes belas. Scoble is meegedeel dat daar 'n vergelyk tussen die regering en Nellmapius bestaan dat al die invoerbelasting op goedere wat hierdie maatskappy ingevoer het, terug- gehou word totdat die Volksraad daaroor sou beslis. In afwagting van hierdie besluit het die maatskappy nog geen lisensies uitgeneem en ook geen belasting betaal nie.[63]

Nellmapius se houding was ook dat die regering 'n groter bedrag vir lisensies en belasting aan hom verskuldig was as sy maatskappy aan die regering. In daardie stadium was Nellmapius buitendien besig om groot hoeveelhede regeringseiendom van Lourenco Marques na Lydenburg te vervoer wat die regering nog dieper in die skuld by hom sou hê. Nellmapius het 'n aantal vragbriewe by die kantoor van die goudkommissaris ingehandig, maar as gevolg van die dood van Ballachey, sy sekretaris, was daar nog 'n aantal uitstaande. Die sou hy egter opspoor en inhandig. Scoble het 'n beroep op die regering gedoen om nie onnodige moeilikheid in die weg van die maatskappy te lê nie, aangesien die maatskappy op pad was om 'n sukses van sy onderneming te maak. Scoble was ook van mening dat sodra die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* lisensies op hulle stasies en winkels sou uitneem en invoerbelasting op ingevoerde goedere sou betaal, die inkomste en uitgawe van die goudvelde feitlik sou klop. Daarom sou dit vir die administrasie van die goudvelde voordelig wees indien daar so gou moontlik 'n besluit oor die lisensie en belasting vir die vervoerskema van Nellmapius geneem word.[64] Teen Mei 1876 kon Scoble nog geen belasting en lisensiegeld met betrekking tot die vervoermaatskappy van Nellmapius, in nie.[65]

---

[63] NAB, Pretoria, SS, vol. 205, R552/1878: brief, Scoble/Staatsekretaris, 13 Mrt. 1876.
[64] NAB, Pretoria, SS, vol. 205, R552/1876: brief, Scoble/Staatsekretaris, 13 Mrt. 1876.
[65] NAB, Pretoria, SS, vol. 208, R1080/1876: brief, Scoble/Staatsekretaris, 8 Mei 1876.

As gevolg van die oorlog met Sekhukhune en die onveilige toestand wat dit op die roete van en na Lourenco Marques teweeggebring het, asook die onveilige toestand op die goudvelde self, het al meer blankes die gebied verlaat. Al meer besighede het stagnant geraak en in die vorige twee skrywes dui Scoble ook aan dat die inkomste en uitgawe op die goudveld nie klop nie. Indien belasting en lisensiegeld op die vervoermaatskappy van Nellmapius gehef word, kon dit die bankbalans van die goudvelde verbeter.

As gevolg van die Sekhukhune-oorlog het 'n groot aanvraag vir sekere lewensmiddele in Oos-Transvaal ontstaan, wat tot gevolg gehad het dat die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* oorval is met versoeke om die nodige van Lourenco Marques af na Oos-Transvaal te bring. Hierdie skielike aanvraag het gou die voorrade in Lourenco Marques uitgeput.[66]

As gevolg van hierdie groot aanvraag het Nellmapius dit aan die regering gestel dat aangesien hy die staat se bestellings voorrang laat geniet, die regering vir hom so gou as moontlik 'n lys van hulle benodigdhede moes laat bekom, sodat daar nie vertragings in die vervoer daarvan moes voorkom nie. Hy verwys ook na die landdros en inwoners van Lydenburg en die kommandant en veldkommissaris en inwoners van Krugerspos wat hom versoek het om noodsaaklike voorrade soos wapens, voedsel en ammunisie na hulle te bring. Nellmapius verklaar ook dat die maatskappy in 'n deeglike, werkende toestand is.[67] Die regering het geantwoord dat hulle nie in daardie stadium enige iets nodig het nie.[68]

In Junie 1876 is die twee briewe van Nellmapius en Cooper waarna reeds verwys is in verband met die vrystelling van lisensies op die stasies en winkels en die belasting op ingevoerde goedere van die maatskappy, voor die Volksraad gelê. M. van Breda, een van die goudvelde se verteenwoordigers in die Volksraad, het Nellmapius se versoek ondersteun en die mening uitgespreek dat

---

66 NAB, Pretoria, SS, vol. 208, R1166/1876: brief, Nellmapius/N.J.R. Swart, 15 Mei 1876.
67 NAB, Pretoria, SS, vol. 208, R1166/1876: brief, Nellmapius/N.J.R. Swart, 15 Mei 1876.
68 NAB, Pretoria, SS, vol. 208, R1114/1876: brief, Swart/Nellmapius, 23 Mei 1876.

Nellmapius groot koste aangegaan het en dat dit niks minder as reg was dat die Volksraad hom in sy versoek moet ondersteun nie. Manne soos H. W. Struben en J. A. Esterhuyse het saamgestem dat die smokkelhandel in wapens en ammunisie hokgeslaan moes word, maar dat geen vrystelling van invoerbelasting en lisensiegeld aan Nellmapius verleen kon word nie. Van Breda het daarop gewys dat dit problematies sou wees om van Nellmapius lisensiegeld te vorder, terwyl ander handelaars geen lisensiegeld betaal nie. M. de Vries se oortuiging was dat 'n uitsondering in hierdie geval gemaak moes word soos in die geval van die *Cape Commercial Bank* wat van lisensie vrygestel was, omdat dié bank die land bevoordeel. Taljaard het die interessante stelling gemaak dat daar geen vrystelling van genoemde geld kan wees nie, aangesien Nellmapius in elk geval die plase verniet ontvang het "tegen den wil des volks".[69] Hieruit blyk dit dat daar mense was wat ongelukkig gevoel het oor die konsessies wat aan Nellmapius toegestaan is.

Na die bespreking afgesluit is, het J. Birkenstock en P. De la Rey 'n voorstel ingedien dat die regering moes toesien dat alle persone invoerregte betaal en dat Nellmapius vrystelling van lisensies op sy stasies verkry. Die voorstel is uitgestem en die voorstel van H. W. Struben en C. C. van Heerden dat die regering vir Nellmapius soveel as moontlik in ooreenstemming met die wette van die land moes ondersteun en veral die klagte oor die smokkelary in wapens en ammunisie in ag moes neem, is aanvaar. Maar Nellmapius is nie onthef van lisensie- en belastinggeld nie.[70]

Op 17 Julie 1876 het Nellmapius nog steeds geweier om lisensiegeld en belasting op ingevoerde goedere te betaal. Scoble was moedeloos, want hy kon nie die geld net van Nellmapius eis nie omdat laasgenoemde beweer het dat die regering aan hom 'n groter bedrag verskuldig was as wat hy aan die regering verskuldig was. Scoble het dit toe oorweeg om beslag op van Nellmapius se eiendom te lê. Dit kon egter aanleiding gee tot 'n regsgeding wat groot koste kon meebring en daarom het hy dit laat vaar en weer van Swart verdere opdragte in die verband gevra. Volgens Scoble was Nellmapius wel bereid om

69 *Bijvoegsel tot de Staats Courant der ZAR*, vol. ZAR 52, 647, sitting 15 Jun. 1876.
70 Bijvoegsel tot de Staats Courant der ZAR, vol. ZAR 52, nr. 647, sitting 15 Jun. 1876.

lisensies vir sy stasies en winkels uit te neem indien hy krediet sou ontvang op die bedrag wat die regering aan hom verskuldig was.[71]

Die waens van die skema het teen die eerste kwartaal van 1876 periodiek op die goudvelde aangekom en die skema het blykbaar goed fungeer na die aanvanklike probleme. Nellmapius se delwerye het ook 'n groter inkomste gelewer en dit het met sy finansiële sake na heelwat terugslae, beter begin gaan.[72]

Nadat Barter, die sherif op die goudvelde, in Julie 1876 vir die hoeveelste keer lisensie- en belastinggeld van Nellmapius geëis het, het Nellmapius besluit om direk met Swart in die verband te kommunikeer. Hy sê aan Swart dat Barter hom versoek het om sy rekening in verband met lisensie- en belastinggeld aan die regering te betaal.[73] Hy was baie verbaas oor die versoek omdat die regering tog baie geld aan die maatskappy verskuldig was. Hy wys Swart daarop dat die regering tog erken het dat hulle 'n bedrag van £200 aan Rapoza verskuldig was waarvoor sy maatskappy intussen ingestaan het. Dit en die koste van die vervoer van regeringsgoed, lei tot 'n groot bedrag wat die regering aan sy vervoermaatskappy verskuldig was. Met regeringsgoed word heel waarskynlik bedoel die lood en ander ammunisie wat hy alreeds vervoer het. Hy het wel van Scoble opdrag ontvang om die vervoer van die lood te staak, dog die lood het alreeds by die verskillende stasies aangekom. Hy maak ook melding van die inspeksiekoste van die plase waarvoor hy ingestaan het en die regering hom nog nie vergoed het nie. Hy sê verder "I have no objection to pay the duties on goods which may come up from the present time, but I am sorry to say that I must refuse to pay the licenses and duties up to the present, until the government will have the fairness to settle our claim against it, and I leave it to the generosity, justice and honor of the Honorable, the Executive Council, to decide whether it is just and generous to ask us to pay when we have owing to us larger amount by government. I shall be much surprised indeed if when the

[71] NAB, Pretoria, SS, vol. 208, R1080/1876: brief Scoble/Staatsekretaris, 8 Mei 1876.
[72] NAB, Pretoria, SS, vol. 212, R1925/1876: brief, Nellmapius/N.J.R. Swart, 17 Jul. 1876.
[73] NAB, Pretoria, SS, vol. 212, R1925/1876: brief, Nellmapius/N.J.R. Swart, 17 Jul. 1876.

matter is laid before the Honorable Members, they do not see the justice of what I state and allow one account to go against the other, and the balance to be paid, to do otherwise would be against all merchantile principles and practice." Hy doen 'n beroep op die sekretaris om hierdie saak in die regte perspektief te sien.[74]

In Augustus 1876 het Spandom, 'n Hollander wat vir president Burgers in Europa ontmoet het, 'n versoek aan die Uitvoerende Raad gerig om 'n transportmaatskappy daar te stel wat 'n direkte verbinding tussen Delagoabaai en Pretoria teweeg sou bring. Hy wou dit volgens dieselfde voorwaardes as die wat Nellmapius ontvang het, gehad het.[75] Daar is besluit dat Spandom behoorlike sekuriteit moes verskaf of hy wel so 'n diens sou kon verskaf.[76] Die Sekhukhune-oorlog was nog aan die gang en so 'n versekering kon nie verkry word nie.

In September versoek Nellmapius die regering dat invoerregte op alle goedere wat vanaf Lourenco Marques die land binnekom, gehef moes word. Hy versoek verder dat die helfte van die inkomste wat so verkry word aan sy maatskappy betaal moes word. Hy sou dan onderneem om sodanige invoerregte in te vorder en aan die staat verantwoordelik te wees om die ander helfte aan die staat te lewer. Hy onderneem verder dat indien die staat dit goedkeur, hy alle regeringsgoedere teen nog 25% minder as die bestaande verminderde tarief wat hy vir die staat het, sal vervoer.[77]

Die Uitvoerende Raad het ooreenkomstig die Volksraadbesluit van Junie 1876, waarna vroëer verwys is, naamlik dat die regering die maatskappy sover as moontlik volgens die wette van die land moes ondersteun, besluit om gehoor te gee aan die versoek van Nellmapius. Die Uitvoerende Raad het besluit om vir die volgende twee jaar aan Nellmapius die helfte van die invoergeld van die goedere wat deur sy maatskappy vervoer is, toe te ken.[78]

74 NAB, Pretoria, SS, vol. 212, R1925/1876: brief, Nellmapius/N.J.R. Swart, 17 Jul. 1876.
75 NAB, Pretoria, SS, vol. 212, R2057/1876: brief, Spandom/Staatsekretaris, 11 Aug. 1876.
76 NAB, Pretoria, UR, vol. 5, 28 Sept. 1876.
77 NAB, Pretoria, SS, vol. 215, R2435/1876: brief, Nellmapius/Staatspresident; UR, 21 Sept. 1876.
78 NAB, Pretoria, UR, vol. 5, 28 Sept. 1876.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die regering van die ZAR baie graag wou hê dat die roete na Lourenco Marques oopgehou moes word. Daarom was hulle bereid om vir Spandom ook met dieselfde voorwaardes as wat Nellmapius van die regering gekry het, toe te laat om 'n transportdiens na Lourenco Marques te begin, mits hy kon waarborg dat die roete oopgehou word. Ook was hulle bereid om die helfte van die invoerbelasting op goedere wat Nellmapius die land binnegebring het, weer aan hom af te staan en dit in die tyd toe die ZAR se finansiële posisie benard was.

Swart het vir Scoble in kennis gestel van die besluit waarin Nellmapius die helfte van die belasting op goedere wat deur sy maatskappy die land ingebring word, kon kry en dat hy die ander helfte aan die regering moes oorbetaal. Omdat Swart hierdie brief aan Scoble in Hollands geskryf het en hy dit nie kon lees of verstaan nie, het hy weer aan Swart om duidelikheid van die betekenis daarvan gevra. Hy wou weet of die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* onthef is van die bedrag wat hy reeds skuld vir belasting op goedere wat ingevoer is. Verder wou hy weet of die maatskappy van handelslisensies vir die stasies op die weg na Lourenco Marques en vir die hoofkantoor van die maatskappy te Pelgrimsrus, vrygestel is. Hy stel ook vir Swart in kennis dat Nellmapius nog niks van die lisensies en invoerregte wat die regering van hom eis, betaal het nie.[79]

Swart het in Engels geantwoord dat Nellmapius nie vrygestel was van invoerbelasting op goedere wat reeds ingevoer is nie. Die maatskappy is ook nie van lisensies vrygestel vir sy stasies en hoofkwartier nie. Die eis van Nellmapius teen die regering is met sy besoek gedurende September 1876 aan Pretoria afgehandel en daarom moes Nellmapius die lisensies en invoerbelasting betaal.[80]

79 NAB, Pretoria, SS, vol. 217, R2717/1876: brief, Scoble/Staatsekretaris, 9 Okt. 1876.

80 NAB, Pretoria, SS, vol. 8629, R2591/1876: brief, Swart/Goudkommissaris, 18 Okt. 1876.

Die Uitvoerende Raad het dit aan die staatsekretaris opgedra om die saak van die skuld met Nellmapius en Rapoza af te handel.[81] Nadat van die lood van die ZAR in Lourenco Marques verkoop is, was die balans nog £125-1-6 in die guns van Rapoza, waarop die regering aan Rapoza dié bedrag betaal het.[82] Op 22 September 1876 het die regering ook 'n bedrag van £120-13-2 aan Nellmapius betaal wat later in dokumente tydens die Eerste Britse Anneksasie van Transvaal geblyk het 'n duplisering van die bedrag aan Rapoza te wees. Nellmapius het die bedrag namens Rapoza ontvang.[83]

Uit die voorafgaande inligting is dit duidelik dat *die Lourenco Marques and Republic Transport Service* se effektiwiteit as transportskema tussen Lourenco Marques en die goudvelde maar redelik lukraak was. Volgens die inligting wat verkry is, blyk dit dat dié maatskappy vir nege na tien maande goed fungeer het en daarna het veral die probleme wat die Sekhukhune-oorlog veroorsaak het, dié maatskappy gekelder.

## 5.7 TWEE PLASE AAN NELLMAPIUS VERSKULDIG

Volgens die ooreenkoms tussen die ZAR en Nellmapius, moes laasgenoemde agt plase van die ZAR ontvang. Aangesien die eerste tagtig kilometer van die goudvelde af op pad na Lourenco Marques in private besit was, kon Nellmapius nie al agt plase langs die roete ontvang nie. Hy het reeds een plaas meer as wat bepaal is in die koors- en tsetsevlieggebied aanvaar. Al ses plase wat tot in daardie stadium, einde 1875, aan Nellmapius toegewys is, was dus in hierdie gevaarlike koors- en tsetsevlieggebied geleë. Die twee plase wat nog aan Nellmapius toegewys moes word, sou in die nie-koorsgebiede geleë wees en sou daarom meer werd wees as die plase wat hy reeds ontvang het. In November 1875 het Nellmapius die regering versoek om die ontbrekende twee plase aan hom toe te ken. Die rede wat hy aanvoer waarom hy die versoek rig, was dat hy plase moes byhuur langs die roete waarlangs sy maatskappy opereer en dat dit 'n groot uitgawe vir hom is.[84] Hierdie versoek van Nellmapius is deur die Uitvoerende Raad in Januarie 1876 behandel en daar is besluit dat

---

81 NAB, Pretoria, UR, vol. 5, 21 Sept. 1876.

82 NAB, Pretoria, SS, vol. 309, R2811/1878: brief, Rapoza/Staatsekretaris, 26 Jul. 1876.

83 NAB, Pretoria, SS, vol. R309/2098: brief, M. Osborn/Administrateur, 10 Sept. 1879.

84 NAB, Pretoria, SS, vol. 198, R2671/1875: brief, Nellmapius/Wnd. Staatspresident ZAR, 22 Nov. 1875.

sodra Nellmapius aan hulle die twee plase sou aanwys, hulle sou besluit of die spesifieke plase aan hom toegeken sou word.[85]

In Februarie 1876 reageer Nellmapius deur dit aan die regering te stel dat alhoewel hulle twee plase tussen Spitskop en Pelgrimsrus aan hom verskuldig is, hy besef dat daar geen regeringsgrond in die gebied is nie en daarom sal hy twee plase in die laeveld in die Middelburgse distrik of in die afdeling Komati in die distrik Lydenburg, aanvaar.[86]

In opdrag van waarnemende staatspresident Piet Joubert, het die staatsekretaris, Swart vir Nellmapius in kennis gestel dat hierdie saak aan die Uitvoerende Raad by die volgende sitting voorgelê sou word.[87] Net soos met die geval waar Nellmapius vir die vrystelling van handelslisensies en invoerbelasting vir sy maatskappy gevra het en dit vir etlike maande gesloer het, het hierdie saak oor die twee plase vir langer as 'n jaar gesloer voordat die regering 'n besluit geneem het.

In Augustus 1876 het Nellmapius vir president Burgers op sy besoek aan die Oos-Transvaal ontmoet en die saak aangaande die twee plase waaraan die regering nog niks gedoen het nie, met hom bespreek. President Burgers was ook skaars terug in Pretoria toe Nellmapius hom weer met dié versoek in verband met die twee plase genader het.[88]

Nellmapius motiveer die erns van die saak deur aan te dui dat die maatskappy in geldelike moeilikheid is en dat die *Cape Commercial Bank* nie meer bereid was om aan die maatskappy geld voor te skiet teen die waarborge wat hulle kon lewer nie. Die hele toekoms van die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* hang dus af van die twee plase wat die ZAR nog aan hom verskuldig was, wat kon dien as borg vir verdere lenings. Met die toekoms van die maatskappy bedoel Nellmapius hier heel waarskynlik dat die plase 'n finale invloed op die kontantvloei van die maatskappy sou hê. Hy versoek weer

[85] NAB, Pretoria, UR, vol. 5, 7 Jan 1876.
[86] NAB, Pretoria, SS, vol. 205, R432/1876: brief, Nellmapius/Wnd. Staatspresident; UR, vol. 5, 29 Feb. 1876.
[87] NAB, Pretoria, SS, vol. 8627, R457/1876: brief, Swart/Nellmapius, 7 Mrt. 1876.

dat die plase in die distrik Middelburg, afdeling Komati in die distrik Lydenburg of aan die Vaalrivier geleë moes wees. Die plase moes dieselfde waarde hê as die twee wat hulle sou gekry het naby die goudvelde. Omdat hierdie plase in die hoëveld lê, sou hulle waarde hoër wees en daarom sou die maatskappy meer krediet by die *Cape Commercial Bank* kon verkry. Hierdie plase moes reeds opgesny en geïnspekteer wees. Die oordrag van die plase moes dadelik aan die maatskappy gedoen word, omdat dit noodsaaklik vir die maatskappy was om geld in die hande te kry. Die staatsekretaris het weer vir Nellmapius laat weet dat die saak so gou as moontlik voor die Uitvoerende Raad gelê sou word.[89] Hier het Nellmapius dus duidelik 'n kontantvloei-probleem gehad.

In September toon Nellmapius aan die staatspresident dat daar in die distrik Middelburg 'n blok geïnspekteerde grond van ongeveer 8 570 hektaar aan die Kafferspruit lê, asook 'n blok van 857 hektaar met die naam Winkelhoek. Hy versoek dat 5 142 hektaar van hierdie grond aan hom toegewys word.[90]

Hierdie versoek van Nellmapius is nog op dieselfde dag ter tafel geneem. Daar is besluit om 'n kommissie saam te stel om die saak te ondersoek. Die staatsekretaris, N. Swart, S. J. P. Kruger en C. J. Joubert sou die lede van die kommissie wees en aan hulle is opgedra om volgens die ooreenkoms tussen die ZAR en Nellmapius twee geskikte plase uit te soek en aan die registrateur van akte op te dra om kaart en transport van die twee plase aan Nellmapius oor te dra.[91]

Die kommissie het nie die plase soos deur Nellmapius aanbeveel, aan hom oorgedra nie, maar wel twee ander plase wes van die Olifantsrivier in die distrik Soutpansberg. Die plase was Parsons 310 en Excellence 309 en is op

7 April 1877 op Nellmapius se naam oorgedra. Hiermee was die kwessie van die plase afgehandel, maar dit beëindig terselfdertyd ook Nellmapius se

---

88 NAB, Pretoria, SS, vol. 214, R2241/1876: brief, Nellmapius/Staatspresident, 28 Aug. 1876
89 NAB, Pretoria, SS, vol. 8629, R2112/1876: brief, Staatsekretaris/Nellmapius, 11 Sept. 1876.
90 NAB, Pretoria, SS, vol. 215, R2434/1876: brief, Nellmapius/Staatspresident, 21 Sept. 1876.
91 NAB, Pretoria, UR, vol. 5, 21 Sept. 1876.

onderhandelings met die ZAR in verband met sy vervoerskema want op 12 April 1877 het T. Shepstone namens Brittanje die ZAR as Britse koloniale gebied geannekseer. Die voorafgaande sake wat bespreek is, het die probleme tussen die ZAR en Nellmapius in verband met die vervoerskema aangeraak. Hierdie sake het veral te doen gehad met die kontantvloei-probleem wat Nellmapius se maatskappy ondervind het.